
# EEN TREE TERUG

## Ruimte Reeks (3)




Marinus Keet


EEN TREE TERUG
DUBBELBOEK
deur
MARINUS KEET
S.A.M.
3/-

DUBBELBOEK

Twee Volledige Avontuurromans

# EEN TREE TERUG

deur

Marinus Keet

'N VERHAAL VAN TYD EN RUIMTE

**Aangebied deur**
Sentrale Uitgewers, Pretoria

**Aangebied deur**
Uitsoek Boekklub, Posbus 53, Pretoria

**Versprei deur**
S.A. Tydskrif Maatskappy, Marketstraat 218, Johannesburg

**Gedruk**
in die Unie van Suid-Afrika deur V en R Drukkery, Paul Krugerstraat 39-43, Pretoria

# INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | 'n Verskyning | 5 |
| 2 | Sterre - En die Bloupas | 8 |
| 3 | Snor, die Geheimsinnige | 12 |
| 4 | Moordaanslag | 15 |
| 5 | Skrikbeelde | 19 |
| 6 | Mislukte Toets | 23 |
| 7 | Onverbiddelike Verlede | 26 |
| 8 | Die Pad Terug | 30 |
| 9 | Die Geheim lek uit | 33 |
| 10 | Vernietiger | 37 |
| 11 | Geveg om lewe en dood | 41 |
| 12 | Die Vyand Wen | 44 |
| 13 | Verlede Maand | 48 |
| 14 | Die Torpedo | 53 |
| 15 | Die Oog op die Toekoms | 55 |

## Hoofstuk 1

## 'n VERSKYNING

Goudie gil. Haar gesig is opeens wasbleek en haar oë is groot en verstard van skrik op die venster gevestig.

Pierre volg haar blik. Vir een verskrikte oomblik dink hy dat hy mal is. Sy hart gee 'n wilde bons en staan dan stil. Die hare in sy nek voel styf en verys.

Hy knip sy oë, kyk weer. Nou is dit weg!

Wat het hy gesien? Of was dit 'n hersenskim? So duidelik as wat 'n mens se oë maar kan sien, het hy HOMSELF daar buite voor die venster gesien. Hy, of sy ewebeeld, het daar gestaan en na hom en Goudie gekyk! Dit was sy ewebeeld behalwe dat dit 'n nette klein snorretjie gehad het.

Maar nadat sy oë geknip het, is dit gelukkig weg. Dit was dus maar net 'n hersenskim! Maar – waarvoor het Goudie dan geskrik? Wat het sy gesien?

Sy kyk nog altyd met wydgesperde oë en halfoop mond na die venster.

„Wat is dit, Goudie?" vra hy en daar is iets hol in sy stem.

„Jy! Laat sy verskrik hoor. „JY het daar gestaan!" die rusbank waarop hulle twee sit, sidder soos Goudie bewe.

„Dit kan nie ek wees nie," sê Pierre flouerig. „Ek het nie 'n snor nie!"

Goudie se verskrikte oë ruk om na Pierre hier langs haar. „Dan het jy dit ook gesien!" Sy ril.

„Dan het Goudie dit ook gesien!" dink Pierre. Hy voel dat sy naels in sy handkussings boor soos sy vingers toeklem. Hy spring op. In 'n paar lang tree is hy by die oop venster . Hy kyk vlugtig buite rond.

Daar is niks!

Dit is nog helder lig. Hy kan die gruispaadjie duidelik sien, die grasperke weerskante, die lae heg aan die straatkant. En nêrens is daar iemand te sien nie.

„Daar is niemand nie!" sê hy verlig. Hy draai om en kom terug na Goudie, kom sit weer langs haar. „Seker maar 'n hallusinasie."

Goudie se beelskone gesiggie is nog bleek, maar die lyne van skrikbevange verbystering is nou weg. Daar is 'n fronsie tussen haar oë.

„Hoe kan dit 'n hallusinasie wees?" vra sy. „Ons het dit dan altwee gesien!"

„Suggestie!" verklaar Pierre. „Daar is so iets, weet jy? Jy sien 'n skim. Jy skrik so groot dat die beeld telepaties op my brein oorgedra word en ek sien dieselfde skim!"

Dit neem 'n hele rukkie voordat hy daarin slaag om die meisie te kalmeer.

„Dit moet seker maar so wees," gee sy naderhand halfhartig toe, maar Pierre kan sien dat sy nog nie tevrede is nie. En snaaks genoeg, dit voel vir hom asof



hy self dit ook nie glo nie. 'n Bang gevoel knel om sy hart en dit is asof hy weet dat dit tog hy was wat daar buite gestaan het - snorretjie of te not!

Sy vrees word spoedig verdrywe deur die groot opgewondenheid oor die verbysterende ontdekking wat hy vanmiddag in die laboratorium gedoen het. Dit is eintlik waarom hy hierheen gekom het ..... om vir Goudie daarvan te vertel.

Hy moet met iemand daaroor praat, anders sal hy ontplof! Die ontdekking is egter so verbysterend, dat hy eers goed wil nadink, al die implikasies wil ontleed voordat hy met 'n vreemde daaroor praat.

Hy gryp haar hand in syne. „Goudie! Ek wil jou 'n groot geheim vertel .... 'n ontsettende groot geheim! Die grootste ding wat ooit met my gebeur het!"

Die kommer oor die spookagtige gebeure van 'n paar minute gelede verdwyn soos mis van Goudie se gelaat af. Pierre gaan praat! Uiteindelik gaan hy sê dat hy haar lief het! Haar hart bons onstuimig en sy byt op haar lippe om dit nie te wys nie. Sy kyk vinnig weg want sy weet dat haar oë haar sal verraai.

„Ja, Pierre?" hees is haar stem, hees van die wete dat die deur van die hemel nou vir haar sal oopgaan.

„Jy weet mos dat ek vir die laaste drie jaar al die wisselwerking tussen etergolwe en die Alzin en Betzin strale van die kosmos bestudeer né?"

Hy wag nie vir 'n antwoord nie. Hy sien nie die trane wat in haar oë opwel nie, voel nie eers die ruk wat deur haar liggaam gaan nie. Hy is te opgewonde. „Nouja, dis

ook nie eintlik strale nie, dis eerder magte, 'n soort dukrag, wat miskien uit materie, miskien uit energie, miskien .........."

Meteens besef hy dat dit makliker sou wees om sy ontdekking aan 'n geleerde professor te verduidelik as aan 'n eerstejaar meisietjie.

„Nouja, jy sal nou ook nie verstaan nie!" eindig hy moedeloos.

„Natuurlik sal ek nie verstaan nie!" Daar is skrynende wanhoop in haar stem. „Ek is te dom! Te dom om te gesels met meneer Pierre Sederberg, M.Sc., M.Phil., die stitterendste student wat Suid-Afrika nog ooit opgelewer het!"

Die uitbarsting verbyster Pierre. Dierbare, engelagtige Goudie! Vandat hy haar ontmoet het, het hy haar op 'n sfeer vér bo sy eie geplaas. Hy het haar om haar skoonheid en haar adel aanbid. Nooit vir een oomblik het hy gedink dat sy vir hom agteruitstaan nie - en kyk nou wat sê sy!"

„Goudie!"

## Hoofstuk 2

## STERRE - EN DIE BLOUPAS

Pierre weet dat dit nou sy kans is om te praat. Nóú moet hy sê wat sy vir hom beteken: dat sy nie slegs sy drome vul nie, maar dat haar beeld heeldag voor sy oë tussen die grafieke en syfers wat hy en die elektroniese berekenaars aan mekaar voer, tussen die letters van die boeke waarin hy tot laat snags studeer.



Maar hy kan nie woorde vind nie. Met die grootste selfvertroue het hy al konferensies van wêreldberoemde wetenskaplikes toegespreek. Maar Goudie is op 'n hoër vlak ..... verhoogvrees is niks teen opsitvrees nie!

„Jy sál verstaan, as ek verduidelik Goudie!" sê hy vinnig. „Jy is baie intelligent. Kyk!"

Hy hou een voorvinger 'n ent links van hom in die lig en die ander voorving 'n ent regs. Soos die weglê-horings van 'n vooros lyk sy arms.

„Gestel hierdie is punt A." Hy wys met sy kin in die rigting van die linkervoorving. En hierdie is punt B. Nou, in die ou dae is aangeneem dat die kortste pad tussen die twee punte 'n reguit lyn is. Maar Einstein het bewys dat dit nie so is nie." Hy probeer met sy kin 'n boog deur die lug beskrywe, maar hy vind dit fisiologies onmoontlik.

„Wag!" Hy laat sy arms sak, gryp 'n pen uit sy lapelsak. „Ek sal dit anders verduidelik." Vlugtig soek sy oë in die voorhuis rond na 'n stuk papier om op te skrywe, maar hy sien nie soiets sie.

Vaagweg merk Pierre die klamheid en flikkering in Goudie se oë, maar hy neem aan dat dit opgewondenheid oor sy verduideliking is. Sy linkerhand voel in sy binnesak rond. A! Hier is 'n karton. Hy haal dit uit.

Vlugtig kyk hy na die drukletters op die een kant van die karton. 'n Dansprogram. Van geen belang nie. Die agterkant van die karton is skoon. Hy sien nie dat Goudie se oë byna uit haar kop spring nie.

Pierre maak twee kolletjies op die karton. „Hierdie is Sirius en hierdie is die Aarde!" Hy trek 'n reguit